

G.P.S.

DEATH SENTENCE

J. 45.

Tuesday 14-9-71. (Court 9417)

In the Supreme Court of South Africa In die Hooggereghof van Suid-Afrika

Appel

DIVISION).
AFDELING).

APPEAL IN CRIMINAL CASE. APPÈL IN STRAFSAAK.

1. FRANK CEDRAS; 2. FUAD JACOBS; 3. JOHNADEN DAVIDS
Appellant.

versus/teen

DIE STAAT

Respondent.

Appellant's Attorney Pro Dao Respondent's Attorney P. G. (Kaapstad)
Prokureur van Appellant Prokureur van Respondent

Appellant's Advocate A. T. SMIT Respondent's Advocate M. M. BROWNS S. C.
Advokaat van Appellant Advokaat van Respondent A. J. DE KLERK

Set down for hearing on 3 - 9 - 1971
Op die rol gepleas vir verhoor op 3. 9. 71

(K.P.A.)

BOTHA, A.R. ROBERT, A.R. MULLER, A.R.

9.45 - 11.00 am.
11.15 - 12.15 pm.
12.15 - 1.2.45 pm.
2.15 - 3.25 pm.

C.A.V.

14-9-1971. Miller, A.R. - official time. Break
and adjourned for reading up witness from the prison
Jug.

CONFIRMED
REGISTRAR, APPEAL COURT,
OFFICIAL, APPEAL HOF,
PLOEMFOOT 12.

14 - 9 - 71

IN DIE HOOGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA.

APPELAFDELING.

In die saak tussen:

FRANK CEDRAS EERSTE APPELLANT.

FUAD JACOBS TWEEDE APPELLANT.

JONADIEN DAVIDS DERDE APPELLANT.

EN

DIE STAAT RESPONDENT.

Coram : Botha, Rabie et Muller, ARR.

Gehoor : 3 September 1971

Gelewer : 14 September 1971

U I T S P R A A K.

Muller, AR. : Die appellante, na wie ^{ek} sal verwys as beskuldigdes Nos. 1, 2 en 3 onderskeidelik, kom, met verlof van die Verhoorregter, in hoë beroep teen hulle skuldigbevinding in die Provinsiale Afdeling Kaap Die Goeie Hoop aan die misdade van moord en aanranding met die opset om ernstig te beseer. Ook appelleer hulle teen die doodstraf opgele te ten opsigte van eersgenoemde misdaad.

Die beskuldigdes, aldrie Kleurlinge, het voor
Waarnemende Regter Vos en twee assessore verskyn op aanklagte
dat hulle op 5 Oktober 1970, en terwyl hulle gevangenes was
in die Pollsmoor gevvangenis naby Kaapstad, 'n medegevangene,
Ephraim Mangele, vermoor het, en 'n ander medegevangene,
Magazi Buza, aangerand het met die opset om hom ernstig te
besoer. Die beskuldigdes het onskuldig gepleit op beide
aanklagte.

Die beweerde misdaad is gepleeg in 'n sel waar
langtermyn-gevangenes, nadat hulle skuldig bevind is, tydelik
aangehou word totdat hulle uitgeplaas word na ander gevangenis. Die betrokke sel is 65 voet 6 duim lank en 16 voet 9 duim breed
met 'n badkamer en latriene langsaa. 'n Deur bied toegang
vanaf die sel na die badkamer en latriene. Die aantal gevangenes
wat in die sel aangehou word wissel soos daar gevangenes kom en
gaan. Ten tyde van die beweerde misdaad was daar ongeveer
70 mans in die sel, en hulle was 'n gemengde groep Bantoes en
Kleurlinge.

Die geklaagde misdade is, na bewering, gepleeg op 5 Oktober 1970, n Maandag, en wel vroeg in die oggend, net nadat die klok gelui het vir die gevangenes om op te staan.

Soos die staatsgetuies, Temba Mthandana, Buza (die beseerde) en Fortuin, ^{wat} wie aldrie gevangenes in die sel was, die gebeure aan die hof voorgedra het, was daar geen voorafgaande struweling of merkbare onenigheid tussen enige van die gevangenes in die sel nie. Almal het die vorige aand vredsaam gaan slaap. Soos gewoonlik, het sommige van hulle alleen geslaap, elk met sy slaapmat en kombers, terwyl ander weer gemeenskaplike beddens gemaak het.

Gedurende die nag was daar geen voorval nie, maar net nadat die opstaan-klok vroeg die Maandag-oggend gelui het, het die drie beskuldigdes gegaan van die plekke waar hulle geslaap het (dit was nie bymekaar nie) na die plek waar die oorledene, n Bantoe, geslaap het. Op daardie stadium het die oorledene gesit op sy slaapmat met sy rug teen die muur en sy kombers nog oor sy onderlyf.

Volgens die getuie Temba, n Bantoe wat naby die oorledene geslaap het, het die drie beskuldigdes saam na die oorledene beweeg. Beskuldigde No.1 het die oorledene aangespreek daar te sê "Ja Ephraim", waarna beskuldigde No. 2 geskree het "Up", en onmiddellik daarna het elk van die drie beskuldigdes n wapen uit sy sak uitgehaal en die oorledene aangeval. Beskuldigde No.1 het n oop knipmes gehad en die ander twee beskuldigdes elk n lepel waarvan die steel skerp geslyp was. Soos die oorledene teen die muur gesit het, is hy deur die beskuldigdes vasgedruk en verskeie steekhoue toegedien.

Temba het op die ander gevangenes in die sel geroep om die oorledene te help, en het self met sy baadjie na beskuldigde No.3 geslaan. Die gevolg daarvan was dat beskuldigdes No. 2 en 3 op Temba toegesak het en, om van hulle weg te kom, het Temba in die badkamer ingehardloop. Vandaar kon hy sien dat die drie beskuldigdes weer na die oorledene gaan en verdere steekhoue aan hom toedien. Toe hulle met die oorledene klaar was, het beskuldigde No. 1 gesê dat hulle (die beskuldigdes) al die Xhosas in die sel moet stiek, waarop

al die Bantoes na die badkamer gevlug het. Die beskuldigdes is agterna, maar het by die badkamerdeur omgedraai en geskree dat dit tyd is vir die bewaarders om hulle oggend inspeksie van die sel te doen en dat die gevangenes hulle beddens moet opmaak. Die Bantoes het toe uit die badkamer uitgekom. Een van die voorstes was Buza. Die beskuldigdes het hom gepak. Beskuldigdes Nos.1 en 2 het hom vasgehou terwyl beskuldigde No.3 hom met die skerp steekkant van n lepel aan die kop gesteek het. Toe die beskuldigdes hom los, het Buza in die badkamer neergeval. Daarna het beskuldigde No.1 vir beskuldigde No.2 gevra om hom (beskuldigde No.1) agter sy rug te steek. Beskuldigde No.1 het sy baadjie uitgetrek en beskuldigde No.2 het hom op die rug gesteek met n lepel waarvan die steel skerp gemaak was. Om die lepel was daar n sakdoek gedraai.

Temba het verder getuig dat twee van die gevangenes daarna vir die oorledene, wat toegemaak was met n kombers, gedra het tot by die traliehek van die sel en hom daar neergesit het. Kort daarna het die bewaarders opgedaag

vir inspeksie van die sel en, toe hulle die deur oopmaak, het die gevangenes, soos gewoonlik, twee - twee bymekaar gestaan om getel te word. Die drie beskuldigdes het egter eenkant gestaan.

Die getuies Buza en Fortuin het bevestig dat dit die beskuldigdes was wat vir die oorledene sowel as vir Buza aangerand het. Hulle relaas van die gebeure het egter nie al die besonderhede bevat waaroer Temba getuig het nie.

Vandat die seldeur deur die bewaarders oopgesluit is kan die relaas van wat daarna gebeur het, weergegee word soos vertel deur bewaarders van Oudtshoorn en Hamman. Soos die gebruik was, het hierdie twee bewaarders dieoggend van 5 Oktober 1970 die deur van die sel oopgesluit. Hamman het by die deur bly staan en van Oudtshoorn, met 'n rubberknuppel in sy hand, soos hy gebruiklik gewapen was tydens inspeksies van die selle, het die sel binnegegaan. Die gevangenes het twee - twee bymekaar gestaan om getel te word; maar die drie beskuldigdes het eenkant bymekaar gestaan. In die sel, by die traliehek, het die oorledene geleë, toegemaak in 'n kombers.

Van Oudtshoorn het gevra of die persoon wat daar lê, siek is, en een van die gevangenes het geantwoord dat hy nie siek is nie, maar aangerand was. Daarop het van Oudtshoorn gevra wie hom aangerand het. Een van die gevangenes het geantwoord dat dit die beskuldigdes was wat die persoon aangerand het. Die beskuldigdes het dit bevestig en saam vorentoe getree met wapens in die hand: beskuldigde No.1 ^{met} n mes en n skerp gemaakte lepel en die ander twee elk met n skerp gemaakte lepel. Daarna is gevind dat daar nog n beseerde was, naamlik Buza. Van Oudtshoorn het die beskuldigdes beveel om uit die sel uit te gaan. Hulle het nie onmiddellik gereageer nie, en van Oudtshoorn het vir beskuldigde No.1 n raps met sy knuppel oor die rug gegee waarop die drie uit die sel getree het. Buitekant het hulle die genoemde wapens oorhandig aan bewaarder Hamman. Nog aan bewaarder van Oudtshoorn, nog aan bewaarder Hamman, het die beskuldigdes enige verduideliking aangebied van wat gebeur het.

Later is die drie beskuldigdes oorhandig aan opperbewaarder Erasmus. Laasgenoemde was as getuie deur die hof geroep. Sy getuienis was glad nie bevredigend nie. Hy het verduidelik

dat hy weinig kon onthou van wat plaasgevind het terwyl die beskuldigdes in sy teenwoordigheid was. Hy kon onthou dat die beskuldigdes hulle kaal bolywe aan hom getoon het, en sy herinnering was dat hulle dit gedoen het omdat hulle beweer het dat hulle met knuppels geslaan was. Hy het egter in kruisverhoor toegegee dat hy 'n vae herinnering het dat die beskuldigdes ook gesê het dat hulle eerste aangerand was. Hier kan ek meld dat die Verhoorregter verduidelik het dat ^{die hof} ~~hy~~ ten gunste van die beskuldigdes aanvaar het dat hulle aan Erasmus gerapporteer het dat hulle eerste in die sel aangerand was.

Sowat 'n halfuur nadat die beskuldigdes uit die sel geneem is, het van Oudtshoorn met die hulp van 'n paar gevangenes die sel deursoek, en in een van die bondels komberse het hy nog 'n lepel gevind waarvan die steel skerpgemaak was. Om die skepdeel van die lepel was 'n sakdoek gedraai. Aan die lepel en sakdoek was daar vars bloed. Daar was dus altesaam 5 wapens as bewyssstukke by die hof ingedien: 'n knipmes en vier lepels met skerpgemaakte stelle, aan een waarvan 'n sakdoek gebind was.

By 'n nadoodse ondersoek, deur dr. Bunge uitgevoer, is gevind dat die oorledene veelvuldige steekwonde gehad het: op sy kop, nek, linker skouer, en bors. 'n Steekwond in die bors het tot in die hart ingedring en dit, volgens dr. Bunge, was 'n dodelike wond.

Behalwe vir voornoemde steekwonde, was daar ook twee ligte snywonde aan die linker dybeen van die oorledene en wel aan die agterkant van die been net onder die sitvlak.

Die beseerde persoon, Buza, is ook medies ondersoek, by welke ondersoek gevind is dat hy veelvuldige steekwonde gehad het aan sy kop, gesig en een skouer. Hy is na die hospitaal geneem waar hy behandel en aangehou is.

Ook die beskuldigdes is vir wonde ondersoek, eers deur 'n beampie in die mediese afdeling by die gevangenis, en die volgende dag deur dr. Plover. Beskuldigde No.1 het 4 skeurwonde gehad op die linker skouer, 'n skeurwond op die linker bo-arm en skaafmerke of ~~skraapmerke~~ op sy rug, tussen die skouerblaie en laer af op die rug. Geeneen van sy wonde was ernstig nie. Beskuldigde No.2 het geen wonde of beserings gehad / 10

gehad nie. Beskuldigde No.3 het een steekwond gehad op sy linker bo-arm. Dit was nie 'n ernstige wond nie.

Die getuienis, soos kortlik hierbo weergegee, het die Staat se saak gestel.

Aldrie die beskuldigdes het getuig, en hulle het ook 'n vierde getuie vir die verdediging geroep, 'n Kleurling by name Charles Bartlett, wat 'n medegevangene was ten tyde van die beweerde misdaad. Die verdediging se saak het lynreg gebots met dié van die Staat.

Ter verduideliking van wat, volgens die verdediging, op die betrokke Maandag-oggend gebeur het, het die beskuldigdes en Bartlett die volgende omstandighede geskets wat daardie gebeure voorafgegaan het. Dit was dat die oorledene, Buza en Temba, wat, soos ek reeds gesê het, aldrie Bantoes was, 'n groep gevorm het wat in die sel homoseksuele praktyke beoefen het. Hulle het, naamlik, vier van die Kleurling-gevangenes, van wie Bartlett een was, as "vrouens" aangehou. Hierdie kleurlinge het saam met die genoemde drie Bantoes geslaap en hulle seksuele drange bevredig. Sowat twee weke voor

Maandag, 5 Oktober, het beskuldigdes Nos.1 en 3 as nuwelinge by die sel ingekom. Die genoemde drie Bantoes, sowel as beskuldigde No.2, was toe reeds inwoners van die sel. Toe beskuldigdes Nos.1 en 3 in die sel ingelaat is - en dit moet, volgens die getuies vir die verdediging, plaasgevind het onmiddellik by hulle intrap - het die genoemde Bantoes vir beskuldigde No.1, wat 'n redelike ligte velkleur het, genader en voorgestel dat hy ook een van hulle "vrouens" word. Hy het beslis geweier om dit te doen. Ongeveer twee weke het daarna sonder voorval verloop, tot Sondag, 4 Oktober, toe die genoemde versoek herhaal is, maar weereens afgewys is. Later die Sondagmiddag sou 'n verder voorval plaasgevind het. Beskuldigde No.1, wat as "huisbaas" in die sel opgetree het - d.w.s. die een wat toesien, onder andere, dat die rantsoene regverdig verdeel word - het een van die Kleurlinge wat 'n "vrouw" van die genoemde Bantoes was, aangespreek in verband met sy optrede by die uitdeling van koffie.

Die oorledene en Temba sou toe woorde gehad het met beskuldigde No.1 en hom gewyt het dat hy probeer baasspeel oor die rantsoene van die gevangenes. Daardie selfde aand sou beskuldigde No.2

opgelet het dat die drie Bantoes, oorledene, Buza en Temba, "kring sit", d.w.s. ~~geheimlik gesels~~ asof hulle een of ander optrede beplan. Beskuldigde No.2 het toe vir beskuldigde No.1 daarop attent gemaak dat die drie Bantoes "kring sit", en gewaarsku dat daar moelikheid gaan kom. Hy het ook vir beskuldigde No.1 n skerp gemaakte lepel gegee om as wapen gebruik te word. Beskuldigde No.2 het insgelyks vir beskuldigde No.3 gewaarsku.

Volgens die verdediging, het daar in die nag niks gebeur nie, maar net na die oggendklok die Maandag-oggend gelui het, is daar opgemerk dat oorledene, Buza en Temba by die bed van beskuldigde No.1 is. Laasgenoemde het wakker geskrik toe hy deur een of ander van die drie Bantoes op sy rug met n skerp voorwerp gesteek word. Hy het uitgeroep, en beskuldigdes Nos.2 en 3 het gegaan na die plek waar beskuldigde No.1 aangeval word.

Dit is nie nodig om elk van die beskuldigdes se getuienis van wat presies daarna gebeur het afsonderlik weer te gee nie: dit kom daarop weer dat dit nie hulle was nie,

maar wel die Bantoes wat die aanvallers was; dat beskuldigde No.1 homself teen 'n aanval deur Buza verweer het, die oorhand oor laasgenoemde gekry het en hom met 'n skerp lepel verskeie wondes toegedien het, dat beskuldigde No.3 insgelyks homself verweer het teen 'n aanval deur die oorledene, wat met 'n mes gewapen was, die oorhand oor hom gekry het; die mes bekom het en vir oorledene met sy eie mes gesteek het, en dat beskuldigde No.2 sy maat, beskuldigde No.3, te hulp gesnel het en ook vir die oorledene met 'n skerp lepel wondes toegedien het.

By ontleding van hulle getuienis kom dit dus daarop neer dat beskuldigde No.1 geen aandeel gehad het in die verwonding van die oorledene nie, maar dat hy wel vir Buza beseer het terwyl hy homself teen Buza verweer het; dat beskuldigde No.3 geen aandeel gehad het in die besering van Buza nie, maar wel die noodlottige wond aan die oorledene toegedien het terwyl hy (beskuldigde No.3) homself teen die oorledene verweer het; en dat ook beskuldigde No.2 geen aandeel gehad het
~~het~~ in die besering van Buza nie, maar wel wondes aan die oorledene toegedien het in 'n poging om sy vriend, beskuldigde No.3,

te steun teen die aanval op laasgenoemde deur die oorledene.

Hier moet ek meld dat, behalwe vir die drie beskuldigdes self, daar geen getuie geroep is om hulle relaas van wat daardie Maandag-oggend in die sel plaasgevind het, te staaf nie. Die getuie wat hulle wel geroep het, Charles Bartlett, kon glad nie sê wat gebeur het nie want hy was, volgens sy getuienis, toevallig in die badkamer toe die aanranding in die sel plaasgevind het. Sy aandeel in die verdeding se saak was net om te getuig oor homoseksuele praktyke wat die drie Bantoes, die oorledene, Buza en Temba, na bewering sou beoefen het; dat hy een van die "vrouens" van genoemde Bantoes was; dat hulle beskuldigde No.1 versoek het om ook 'n "vrou" te word, maar dat laasgenoemde nie daarvoor te vinde was nie, en dat daar die Sondag voor die gebeure in die sel 'n woordewisseling ontstaan het tussen die oorledene en beskuldigde No.1 toe koffie aan die gevangenes uitgedeel is.

Die beskuldigdes het ontken dat enigeen van hulle drie aan enigeen van die ander van hulle wonde toegedien het soos getuig deur die Staatsgetuie Temba.

Behalwe vir een aspek, wat ek later sal behandel, het die beskuldigdes nie in enige wesenlike opsig die getuienis van die bewaarders betwiss nie. Die beskuldigdes het erken dat, toe die sel oopgesluit word, hulle drie eenkant gestaan het met die wapens in hulle hande; dat toe bewaarder van Oudtshoorn vra wie vir die oorledene aangerand het, hulle drie vorentoe getree het, en dat hulle buitekant die sel die wapens aan bewaarder Hamman afgegee het sonder enige verduideliking. Ek het reeds gemeld dat die verhoorhof aanvaar het dat hulle later vir opperbewaarder Erasmus gesê het dat hulle eerste in die sel aangerand was.

Die aspek waarin die beskuldigdes so getuienis wel verskil het van dié van die bewaarders was ten opsigte van 'n beweerde aanranding op hulle buitekant die sel deur bewaarder van Oudtshoorn met 'n knuppel. Die beskuldigdes het beweer dat daar so'n aanranding was, maar die bewaarders het dit ontken. Hierdie beweerde aanranding het geensins die saak teen die beskuldigdes geraak nie, behalwe in sover die geloofwaardigheid van die beskuldigdes en die betrokke bewaarders

op die spel was.

Die verhoorhof het die beskuldigdes se getuienis as onwaar verworp, en die getuienis van die staatsgetuies, Temba, Buza en Fortuin aanvaar dat dit die beskuldigdes was wat vir die oorledene sowel as vir Buza aangerand het. Hulle is gevolglik skuldig bevind op albei die aanklagte waarop hulle tereg gestaan het.

Op appèl voor ons is die bevindings van die verhoorhof op verskillende gronde aangeveg. Daardie gronde kan onder die volgende drie hoof betoogspunte gegroepeer word, en kan gerieflik in dieselfde volgorde behandel word, naamlik:

- (a) dat die verhoorhof verkeerdelik die getuienis van die staatsgetuies Temba, Buza en Fortuin aanvaar het;
- (b) dat die verhoorhof verkeerdelik die getuienis van die beskuldigdes en Charles Bartlett verworp het; en
- (c) dat daar sekere omstandighede was wat, op die Staat se saak, nie verduidelik was nie, of wat, op waarskynlikhede, die Staat se saak in twyfel moes gestel het.

Wat (a) betref, het die advokaat vir die beskuldigdes

(appellante) betoog dat daar op sekere aspekte verskille was tussen die getuienis van die staatsgetuies Temba, Buza en Fortuin; en hy het in daardie verband, met verwysing na die oorkonde, 'n heel aantal sogenaamde verskille aangedui. Wat sommige van die punte betref waarop die advokaat gewys het,
^{oortuig} is ek glad nie tevreden dat daar enige werklike verskil tussen die getuies uitgemaak kan word nie. Wat sekere ander aspekte betref, is daar wel verskille maar van sodanige aard as wat 'n mens sou verwag wanneer getuies na 'n verloop van maande gevra word om in detail 'n besondere gebeure te beskryf, 'n gebeure wat vinnig plaasgevind het in 'n sel met ongeveer 70 gevangenes, en wat die getuies uit verskillende hoeke en op verskillende afstande waargeneem het.

Dit kan geen nuttige doel dien om die sogenaamde verskille te behandel waarop die advokaat staat gemaak het nie. Ek kan net sê dat daar, na my oordeel, geen verskille van so'n wesentlike aard was tussen die getuienis van Temba, Buza en Fortuin, dat dit hulle relaas van gebeure in twyfel stel nie.

Nie alleen het die getuies Temba en Foruin 'n gunstige indruk op die verhoorhof gemaak nie - van Buza het die Verhoorregter gesê dat hy 'n "onintelligent getuie" was en dat sy "kop deurmekaar was" na die aanranding op hom - maar die advokaat vir die Staat het ook betoog dat, op die verdediging se saak, Temba, Buza en Fortuin saam moes gesweer het om 'n versinde storie aan die hof te kom vertel wat absoluut vals was, en dit, het hy gesê, kon in die omstandighede van die onderhawige saak net nie gebeur het nie. Die rede wat hy daarvoor aangevoer het was dat Buza onmiddellik na die gebeure na die hospitaal geneem is en daar aangehou is, terwyl Temba ook nog dieselfde oggend uitgeplaas is na 'n ander gevangenis waar 'n verklaring eers maande later deur die polisie van hom geneem is, en Fortuin dus al een van die drie getuies was wat na die gebeure in die Pollsmoor gevangenis aangebly het. Ek moet saamstem met die advokaat vir die Staat dat, onder daardie omstandighede, 'n sameswering deur die genoemde staatsgetuies nie as 'n redelike moontlikheid kan bestaan nie. Daarby kan ek voeg dat, indien daar so'n sameswering sou gewees het, dit byna ondenkbaar is

dat die staatsgetuies nie n motief vir die beskuldigdes se optrede sou uitgedink het nie. In die getuiebank kon geeneen van hulle drie n motief voorstel nie.

Wat punt (b) betref, die verwering deur die verhoorhof van die beskuldigdes se getuienis, het hulle advokaat voor ons betoog dat die hof, by oorweging van hulle getuienis en die van Charles Bartlett, n verkeerde benadering gevolg het. Die klagte was dat die hof hulle getuienis verwerp het vanweë verskille of teenstrydighede in hulle getuienis sonder om ag te slaan op die punte van ooreenkoms in hulle getuienis.

Daardie betoog dra na my mening geen gewig nie. Soos uit die uitspraak van die hof blyk, het die hof hom verlaat nie net op verskille en teenstrydighede in hulle getuienis nie, maar ook op die indrukke wat hulle as getuies op die hof gemaak het en die waarskynlikhede met betrekking tot verskillende aspekte van die saak. Daarby kan ek voeg dat, om punte van ooreenkoms te soek tussen die getuienis van meerdere beskuldigdes wat deur die verhoor na mekaar se getuienis sit en luister, in n saak soos die onderhawige geen nuttige doel kan dien nie.

By oorweging van al die getuienis, moet ek met die verhoorhof saamstem dat die beskuldigdes se storie in verskillende opsigte so onwaarskynlik is dat dit, in opweging teen die storie van die staatsgetuies, nie aanvaar kan word nie. Sonder om breedvoerig in hierdie aspek in te gaan, wil ek net op die volgende onwaarskynlikhede wys, naamlik, dat beskuldigde No.1, wat op die verdediging se saak moeilikheid te wagte was, nogtans die Sondag-aand naby die oorledene en Temba gaan slaap het; dat beskuldigde No.1, wat volgens die verdediging geen aandeel gehad het in die verwonding van die oorledene nie, deur sy optrede in die sel aan bewaarder van Oudtshoorn te kenne gegee het dat hy wel daarby betrokke was, en dat aldrie die beskuldigdes geen verduideliking aan bewaarders van Oudtshoorn of Hamman gegee het toe hulle uit die sel geneem en ontwapen is nie. Daar is ook ander aspekte van hulle getuienis en dié van Charles Bartlett wat onwaarskynlik is, maar ek meen dat wat ek reeds na verwys het, genoeg is om aan te toon dat hulle getuienis nie met die waarskynlikhede versoen kan word nie.

Met betrekking tot die grond van kritiek in (3) hierbo
genoem, het die advokaat vir die beskuldigdes (appellante)
staat gemaak op die volgende omstandighede, naamlik:

(i) dat die staatsgetuies geen motief vir die beskuldigdes se
beweerde aanval op die oorledene kon voorstel nie;

(ii) dat daar altesaam 5 wapens gevind is, naamlik, 'n mes en
drie lepels met skerp stele wat die beskuldigdes aan die
bewaarders oorhandig het, en 'n vierde lepel ook met 'n
skerp steel en 'n sakdoek om die lepel wat later in die
sel gevind is terwyl daar nog bloed aan die lepel en
sakdoek was;

(iii) dat beskuldigde No.3 'n wond aan sy arm gehad het, die
ontstaan waarvan nie deur die staatsgetuies verklaar is nie;

(iv) dat beskuldigde No.1 skaafmerke of krapmerke op sy rug
gehad het, die ontstaan waarvan nie deur die staatsgetuies
verklaar is nie;

(v) dat die oorledene, behalwe vir die wonde aan sy kop, bors
en skouers, ook ligte snywonde agter op sy linker dybeen
gehad het, wat, so is betoog, nie verklaar kon word op
die getuienis van die staatsgetuies nie.

n Verdere punt van kritiek, wat berus het op n stelling
dat daar geen bloed op beskuldigde No.1 se klere gevind is nie,
is in geheel ongegrond, want dr. Plover het getuig dat daar
wel bloedvlekke op beskuldigde No.1 se hemp gevind is.

Aangaande die kritiek uitgespreek soos getabuleer
onder (i) tot (v) hierbo, moet ek uit die staanspoor sê dat
daar geen las op die Staat rus om in elke beweerde misdaad n
motief te bewys of alle omstandighede te verduidelik nie.

Waar die Staat bo redelike twyfel bewys het dat die beskuldigde
die beweerde misdaad gepleeg het, kan die gebrek aan bewys van
n motief of die gebrek aan verduideliking van sekere omstandig-
hede nie n skuldigbevinding uitsluit nie. Daar kan natuurlik
gevalle wees waar, by oorweging of die Staat hom van die bewys-
las gekwyt het, die gebrek aan bewys van n motief, of die
gebrek aan verduideliking van sekere omstandighede, die deur-
slag ten gunste van die beskuldigde kan gee; maar hierdie is
nie so'n geval nie.

Aangaande 'n moontlike motief vir die beskuldigdes se aanval op die oorledene hoef 'n mens nie oor 'n hoë mate van verbeeldingskrag te beskik om 'n redelike moontlike motief uit te dink nie. Daar was genoegsame getuienis dat die beskuldigdes, almal Kleurlinge, aan 'n bende behoort het, en dat beskuldigde No.1 as sogenaamde "huisbaas" in die sel opgetree het. Dat hy en sy makkers met die oorledene, in Bantoe, een of ander twis kon gehad het, waarvan die staatsgetuies nie bewus was nie, is redelik denkbaar.

Dieselde oorwegings geld in verband met die feit dat vyf wapens gevind is, en nie net drie nie. Op die verdediging se saak, het beskuldigde No.2 nie net oor een skerp gemaakte lepel beskik nie, maar het hy voor die aanranding ook een aan beskuldigde No.3 oorhandig. Dit is dus heel moontlik dat daar tussen die drie beskuldigdes vier lepels was, waarvan die stelle skerp was. Die vyfde wapen, die lepel wat in die komberse gevind is, kon deur een of ander van die beskuldigdes versteek gewees het of net per ongeluk in die komberse beland het, en

daarin toegedraai gewees het. Insgelyks kan moontlike verklarings aan die hand gedoen word vir die ~~skraapmerke of krap-~~^{skaaf} merke op die rug van beskuldigde No.1; vir die wond aan die arm van beskuldigde No.3, en vir die ligte snywonde op die oorledene se dybeen.

Na oorweging van al die gronde van kritiek wat teen die uitspraak van die verhoorhof ingebring is, is ek ~~tevreden~~^{oorvlieg} dat daar geen grondige rede bestaan wat hierdie Hof geregtig sou stel om in te meng met die skuldigbevinding op enige van die twee geklaagde misdade nie (R. v. Dhlumayo and Another 1948(2)S.A.677(A.D.)). Op sekere aspekte van minder belang was daar wel rede vir kritiek op die uitspraak van die verhoorhof, maar dit kan die eindresultaat nie raak nie. Na my oordeel, was 'n skuldigbevinding op beide aanklagte heeltemal geregverdig.

In verband met die appèl teen die vonnis op die moordklag, moet gemeld word dat, by die stadium van die verhoor waar oorweging geskenk is aan die vraag of daar versagtende omstandighede was al dan nie, die beskuldigdes nie getuenis afgelê het nie. Bewaarder Hamman het getuig oor die toestande

waaronder die gevangenes in die betrokke sel geleef het. Sy getuienis het hoofsaaklik daarop neergekom dat daar by tye 'n groot aantal gevangenes in die sel aangehou word; dat sommige van hulle redelike lang tye, selfs weke, in die sel deurbring, en dit wel sonder dat hulle uit die sel uitgelaat word vir oefening of ander ontspanning.

Die verhoorhof se bevinding was dat daar geen versagende omstandighede was nie. Daarna het die Staat ten opsigte van elk van die beskuldigdes (onderskeidelik 22, 20 en 27 jaar oud) 'n indrukwekkende lys van vorige veroordelings bewys, wat in die geval van elkeen van hulle misdade van geweld ingesluit het. Ten opsigte van die skuldigbevinding aan moord het die Verhoorregter, soos hy regtens verplig was om te doen, die doodstraf opgelê.

Gemelde straf is op appèl aangeval en wel op grond daarvan, so is betoog, dat die verhoorhof verkeerdelik bevind het dat daar geen vereagtende omstandighede was nie. Die argument was (en ek haal aan uit die betoogshoofde) dat

"die omstandighede in die sel, weens die gebrek aan beweegruimte, die oorbevolking van die sel,

en die feit dat die beskuldigdes vir twee weke
 en meer daarin opgehou was, n invloed op hulle
 kon uitgeoefen het, en by wyse van afleiding,
 veral in die lig van die oënskynlike sinneloosheid
 van die misdaad, wel op hulle uitgeoefen het, en
 dat dit n versagtende omstandigheid daarstel."


Die bewyslas, wat versagtende omstandighede betref,
 rus op die beskuldigde; en hy kan hom op n oorwig van waarskyn-
likhede van daardie las kwyt. Dit beteken nie noodwendig dat
 die beskuldigde self oor sodanige omstandighede hoef te getuig
oortuig
 nie, maar die hof moet, op die getuienis wat daar is, tevredes
 wees dat daar, op n oorwig van waarskynlikhede, omstandighede
 bestaan wat by vonnisbepaling as versagting kan dien. (S. v.
Ndlovu 1970(1)S.A.430(A.D.)).

In die onderhawige saak is dit wel waar dat die
 omstandighede waaronder die gevangenes in die betrokke sel
 moes leef, ten minste vir sommige van hulle, nie aangenaam
 kon gewees het nie. Maar hoe daardie omstandighede die
 beskuldigdes getref het, en hoe dit hulle kon beweeg het om

n voorafbeplande moord op n medegevangene te pleeg (indien hulle hoegenaamd deur genoemde omstandighede daartoe beweeg of beïnvloed was) is, op die getuienis soos dit staan, n duister saak.

Ek moet dus met die verhoorhof saamstem dat die beskuldigdes hulle nie van die bewyslas ten opsigte van versagtende omstandighede gekwyt het nie. Dit volg dus dat hierdie Hof nie by magte is om met die vonnis wat opgelê is in te meng nie.

Die appèl, wat betref beide die skuldigbevinding en die vonnis, kan dus nie slaag nie, en word afgewys.



G. W. R. Müller

Appèlregter.

Botha AR.

Rabie AR.

} Stem saam.